

HOOFSTUK 9

SAMEVATTING

9.1 INLEIDING

Die studie is onderneem om die terapeutiese rol van fiksie in die hantering van sekere lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme by kinders te ondersoek. Die navorsingsveld is verdeel in verskeie subprobleme. Hierdie subprobleme het die verskillende fases van navorsing gevorm:

- (a) Wat is die aard van die biblioterapeutiese proses?
- (b) Wat is die leesbehoefte, leesbelangstelling en leesgedrag van kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar?
- (c) Watter kriteria moet toegepas word by die keuring van fiksie wat 'n terapeutiese uitwerking op kinders sal hê wat sekere lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme beleef?
- (d) Watter lewenskrisisse het kinders?
- (e) Wat is die ontwikkelingsprobleme van kinders?
- (f) Hoe kan kriteria vir die biblioterapeutiese proses aangewend word by die keuring vir fiksie vir die hantering van lewenskrisisse en ontwikkelingsprobleme van kinders

Hierdie hoofstuk lewer verslag nadat bogenoemde probleme deeglik bestudeer is.

9.2 BEVINDINGS

Daar is tot die slotsom gekom dat 'n goeie kennis van die biblioterapeutiese proses belangrik is. Die studie maak 'n bydrae ten opsigte van 'n beter insig in die biblioterapeutiese proses. Dit verskaf begrip vir die verskillende elemente van die biblioterapeutiese proses en gee 'n aanduiding van die belangrikheid daarvan in die hantering van sekere lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme. Leesbehoefte, leesbelangstellings en leesgedrag van kinders is verduidelik. Sekere lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme is onderskei en kriteria ontwikkel vir die toepassing van biblioterapie.

9.2.1 Aard van die biblioterapeutiese proses

Biblioterapie kan omskryf word as 'n proses waar dinamiese interaksie tussen geselekteerde lektuur en 'n leser bewerkstellig word onder leiding van 'n bekwame bemiddelaar in groepsverband of individueel. Hierdie proses vorm deel van 'n terapeutiese proses en is nie 'n selfstandige terapeutiese proses nie.

Hierdie definisie van die biblioterapeutiese proses maak dit duidelik dat daar drie komponente is wat 'n sleutelrol in die biblioterapeutiese proses speel, naamlik die leser, geselekteerde lektuur en die bemiddelaar. 'n Studie van twee van die komponente van biblioterapie, naamlik die leser en die bemiddelaar maak dit duidelik dat daar verskillende vlakke van biblioterapie bestaan. Biblioterapie kan as te ware op 'n kontinuum beskou word. Op sy eenvoudigste is daar ontwikkelingsbiblioterapie en op die uiterste end van die kontinuum is kliniese biblioterapie ter sprake.

Uit die bespreking van die doel en voordele van biblioterapie blyk dit duidelik dat biblioterapie nie alleen lei tot persoonlike insig en selfbegrip nie, maar ook die leser in staat stel om probleme te hanteer.

Biblioterapie kan in die hande van 'n onervare terapeut skade aanrig. Dit is belangrik dat die terapeut nie alleen oor voldoende kennis moet beskik met betrekking tot die kinders en hulle probleme nie, maar ook toegang moet hê tot geskikte leesstof. Die verkeerde boek kan kinders se probleme eerder vererger as om dit op te los. Keuringskriteria wat sal verseker dat geskikte leesstof aan die leser beskikbaar gestel kan word, is uiters belangrik.

9.2.2 Leesbehoefte, leesbelangstelling en leesgedrag van kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar

Die belangrike rol van gepaste leesstof in die biblioterapeutiese proses maak dit uiters noodsaaklik vir die keurder om kennis te hê van leesbehoefte, leesbelangstelling en leesgedrag van kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar.

Dit help nie alleen om die regte boeke en die regte kinders bymekaar te bring nie, maar bied ook waardevolle insigte in die gedrag en gevoelslewe van kinders.

Kinders het verskeie basiese inligtingsbehoefte. Verhale kan daartoe bydra dat die behoefte bevredig word, lesers insig bekom in hulle eie gevoelens en dié van ander. Dit stel ook die keurder in staat om kinders beter te verstaan en groter insig te bekom in hulle gedrag en gevoelens.

Kinders het ook inligtingsbehoefte wat verband hou met die ontwikkelings stadium waarin hulle hul bevind. Kennis van die ontwikkelingsstadia van kinders dra nie alleen daartoe by om kinders beter te verstaan nie, maar help om verhale te kies wat kinders behoort te geniet en in staat is om te verstaan. Kennis van die ontwikkelingsstadia moet egter te alle tye met groot omsigtigheid hanteer word omdat kinders dikwels in 'n mengsel van stadia verkeer en elke kind 'n individu is wat teen sy of haar eie unieke tempo ontwikkel.

9.2.3 Keuringskriteria vir die keuring van fiksie vir die biblioterapeutiese proses

Dit blyk duidelik uit die studie dat daar twee belangrike elemente is waarvoor daar kriteria gestel moet word, naamlik die leser en die leesstof.

Die kriteria vir die leser is essensieel, want daarsonder kan die keurder nie die geskikte boek vir die biblioterapeutiese proses kies nie. Die leser en sy of haar probleem vorm die vertrekpunt vir die keuringsproses. Die keuringskriteria vir die leser (in hierdie geval kinders) wat in tabelle 4.1 en 4.3 ontwerp is, maak gebruik van die inligting oor die leesbehoefte en leesbelangstelling wat in hoofstuk 2 omvattend omskryf is. Die keuringskriteria vir die kind as leser is baie belangrik, want dit verskaf noodsaaklike inligting omtrent die leser waarsonder dit nie moontlik sal wees om die regte boek by die regte kind te bring nie. Die gedetailleerde kriteria vir die kind as leser is 'n oorspronklike uitvloeisel van die studie.

Die kriteria vir die leesstof speel 'n belangrike rol met betrekking tot die biblioterapeutiese proses. Dit is uiters noodsaaklik dat die gekose fiksie geskik moet wees vir die biblioterapeutiese proses, want daarsonder is die proses gedoem tot mislukking. Die kriteria wat in tabel 4.5 en 4.6 geïdentifiseer is, is gefokus op die keuring van leesstof spesifiek vir die biblioterapeutiese proses.

Na die bestudering van modelle vir die keuring van bronne vir die akademiese en openbare biblioteke is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie 'n model bestaan vir die keuring van fiksie met betrekking tot die biblioterapeutiese proses nie. 'n Model is geskep om te illustreer hoe fiksie vir die biblioterapeutiese proses gekeur word.

9.2.4 Lewenskrisisse wat kinders beleef

Skeiding kom oor almal se pad. Die meeste mense kom slegs met skeiding in aanraking in sy permanente vorm - wanneer daar lewensverlies plaasvind.

Vanweë die veranderings wat plaasgevind het in ons samelewing word baie kinders vandag blootgestel aan skeiding in 'n tydelike vorm, soos in die geval van egskeiding.

Kinders se reaksie op skeiding is ten nouste verweef met die ontwikkelingsstadium waarin hulle is en hulle chronologiese ouderdom. Ten spyte hiervan bly kinders se reaksie op skeiding uniek en moeilik voorspelbaar. Dit is belangrik dat kinders hulp met die verwerking van skeiding moet kry. Indien die trauma nie verwerk word nie, kan dit 'n langdurige effek hê op die ontwikkeling van kinders.

Verhale kan 'n belangrike rol speel in die verwerking van skeiding en moet met groot omsigtigheid gekeur word vir die biblioterapeutiese proses..

Agt verhale is gemeet aan die keuringskriteria vir die biblioterapeutiese proses soos omskryf in hoofstuk vier en uiteengesit in tabelle 4.5 en 4.6. Uit hierdie evaluering blyk dit duidelik dat die keuringskriteria 'n bydrae lewer tot 'n in-diepte kennis van fiksie met betrekking tot die lewenskrisisse wat kinders beleef. Die evaluering van die verhale maak dit ook duidelik dat elke verhaal 'n unieke bydrae lewer om lewenskrisisse van kinders te hanteer, en dat 'n deeglike studie van die verhale noodsaaklik is om te verseker dat die regte verhaal gekeur word vir die regte kind.

9.2.5 Ontwikkelingsprobleme van kinders

Vir kinders in die middelkinderjare word die groep al hoe belangriker omdat hulle nou begin met formele onderrig. Dit is vir die kinders baie belangrik om deur die groep aanvaar te word. Verwerping deur die groep is vir sommige kinders 'n werklikheid. Kinders in die middelkinderjare vrees verwerping deur die groep. Gedurende die middelkinderjare word kinders blootgestel aan baie nuwe vaardighede en geniet hulle dit om te leer. Vanweë die waarde wat geheg word aan die mening van die groep word mislukking in die aanleer van vaardighede gevrees.

Ter wille van die normale ontwikkeling van kinders is dit belangrik dat hulle hulp moet kry met hierdie ontwikkelingsprobleme.

Verhale kan 'n belangrike rol speel om kinders te help om hul vrees te erken en te verwerk. Verhale kan 'n belangrike rol speel omdat dit voorkomend gebruik kan word.

Uit die evaluering van die verhale het dit duidelik geblyk dat verhale 'n belangrike rol kan speel om kinders te laat besef dat hulle nie alleen is met hulle vrese nie en dat dit wel moontlik is om dit te erken en te verwerk. By die keuse van die verhale vir die biblioterapeutiese proses is dit baie belangrik dat die keurder deeglik vertrouwd sal wees met die inhoud van die verhale om te verseker dat die oplossings nie oorvereenvoudig is nie en dat dit lewensgetroue karakters is waarmee die kinders kan identifiseer. Deur gebruik te maak van die keuringskriteria soos omskryf in hoofstuk vier en uiteengesit in tabelle 4.5 en 4.6 kan die keurder verseker dat die verhale in ooreenstemming is met die probleme van die kinders en bydra tot die verwerking van hulle vrese.

9.2.6 Toepassing van keuringskriteria by die keuring van fiksie vir die hantering van sekere lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme

Die toepassing van die algemene en literêre keuringskriteria by die keuring van fiksie soos omskryf in afdeling 4.3 speel 'n sleutelrol in die sukses van die biblioterapeutiese proses.

Die evaluering van verskeie boeke het dit duidelik gemaak dat die keurder deur gebruik te maak van hierdie keuringskriteria 'n deeglike kennis van die verhale bekom. Hierdie kennis is noodsaaklik vir die sukses van die biblioterapeutiese proses. Sonder hierdie kennis kan die biblioterapeutiese proses gedoem wees tot mislukking. Omvattende kennis van verhale, soos bekom deur die toepassing van die keuringskriteria, verseker dat verhale nie alleen gepas is vir die probleme van kinders nie, maar dat verhale binne die leesvlak en leesvermoë van kinders is. Die toepassing van die keuringskriteria

verseker dat die oplossings realisties is en dat dit lewensgetroue karakters is waarmee die kinders kan identifiseer.

Die toepassing van keuringskriteria, soos duidelik blyk uit die meting van verskeie verhale teen die keuringskriteria, maak dit moontlik om verhale te keur wat kinders in staat sal stel om sekere lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme te hanteer.

9.3 AANBEVELINGS

Die studie het aangetoon dat aangesien fiksie 'n rol kan speel in die hantering van sekere lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme dit belangrik is om 'n model te skep vir die keuring van fiksie vir die biblioterapeutiese proses. Verskeie verhale is gemeet volgens die keuringskriteria soos dit ontwikkel is in die model wat ontwerp is vir leesstof vir die biblioterapeutiese proses.

Navorsing behoort nou onderneem te word om die uitwerking van geselekteerde literatuur tydens 'n biblioterapeutiese program empiries te toets. Sodoende kan die bydrae van spesifieke literatuur ten opsigte van die hantering van lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme by kinders bepaal word.

9.4 SLOT

Kennis van biblioterapie is baie waardevol, want biblioterapie kan 'n waardevolle bydrae lewer om lewenskrisisse en ontwikkelingsprobleme te hanteer. Biblioterapie is veral waardevol omdat dit voorkomend, veral vir kinders, toegepas kan word. Dit bied nie alleen aan kinders die geleentheid om hulself beter te verstaan nie, maar bied ook emosionele afstand van probleme en die geleentheid om insig te bekom in die gedrag en gevoelens van ander.

Kennis van biblioterapie kan ook volwassenes in staat stel om hul eie gedrag en gevoelens en dié van ander te verstaan. In die stresvolle en gejaagde samelewing waarin mense hulle vandag bevind, kan kennis van biblioterapie

'n waardevolle bydrae maak, want literatuur bied nie alleen aan mense insig en moontlike alternatiewe oplossings vir probleemsituasies nie, maar bied ook die geleentheid om emosionele afstand van hulle eie situasies te bekom. Die ontsnappingswaarde van verhale moet nooit onderskat word nie.

Dit is belangrik dat biblioterapeute oor omvattende kennis sal beskik van kinderliteratuur, behoeftes en ontwikkeling van kinders. Kennis van kinderliteratuur sal die biblioterapeut in staat stel om gepaste literatuur te keur vir die biblioterapeutiese proses. Om die gekeurde verhale by die regte kind te bring, moet biblioterapeute beskik oor kennis van die behoeftes en ontwikkeling van kinders. Die toepassing van die keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3 sal die biblioterapeute in staat stel om die regte verhale by die regte kinders te bring.

Biblioterapie, veral kliniese biblioterapie, word dikwels in spanverband toegepas. Bibliotekarisse kan met sielkundiges, maatskaplike werkers en ander saamwerk en 'n belangrike rol speel in die biblioterapeutiese proses deur die keuring van literatuur. Hulle sal egter net in staat wees om die literatuur suksesvol te keur indien hulle die biblioterapeutiese proses verstaan. Dit is belangrik dat bibliotekarisse opgelei word in hierdie verband. Kennis van die biblioterapeutiese proses is ook belangrik wanneer dit kom by versamelingbou. Gepaste fiksie kan gekeur word deur gebruik te maak van die keuringskriteria soos uiteengesit in afdeling 4.3.

Biblioterapie kan 'n bydrae lewer om lewens aan te raak en te verryk. Aan kinders bied dit die besondere geleentheid om hulself te verstaan, probleme te hanteer en normaal te ontwikkel.